**EXAMINATIONS AND ASSESSMENT CHIEF DIRECTORATE**
Home of Examinations and Assessment, Zone 6, Zwelitsha, 5600
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA, Website:** www.ecdoe.gov.za

# 2018 NSC CHIEF MARKER'S REPORT

| | | |
|---|---|---|
| **SUBJECT:** | | **AFRIKAANS HOME LANGUAGE** |
| **PAPER:** | | **3** |
| **DURATION OF PAPER:** | | **2½ hours** |
| **DATES OF MARKING:** | | **01-15 DECEMBER 2018** |

**SECTION 1: (General overview of Learner Performance in the question paper as a whole)**

Oor die algemeen het kandidate hoër punte behaal as in die 2017 vraestel. Die rede hiervoor is waarskynlik omdat die onderwerpe meer toeganklik vir die kandidate was. Die grootste aantal kandidate het gemiddeld gevaar. Baie meer uitsonderlike skryfstukke het hierdie jaar voorgekom en kandidate wat nie geslaag het nie, het merendeels nie die tweede transaksionele teks beantwoord nie.

Vraag 1.1 (25%) en 1.2 (34%) was verreweg die gewildste onderwerpe. By vraag 1.2 het baie kandidate egter in sirkels geskryf sonder om veel te sê. Bittermin kandidate het hulle hand gewaag aan vraag 1.5 (2%). Die kandidate wat dit wel gedoen het, het hulle uitstekend van hulle taak gekwyt. Baie goeie skryfwerk het ook uit vraag 1.3 (Die storm se krag...) voortgevloei. Min kandidate het hulle hand aan die visuele tekste gewaag. Vraag 1.6.1-1.6.3 is slegs deur 17% van die kandidate beantwoord.

| |
|---|
| Die gewildste onderwerp in Afdeling B was vraag 2.1 (Informele Brief – 45.5%) die gewildste |
| keuse. Baie kandidate het wel die fantastiese nuus gedeel, maar nooit by die "geheim" |
| uitgekom nie. 16% van die kandidate het die formele brief (vraag 2.2) aangedurf, maar baie |
| van die kandidate was baie vaag oor die planne wat voorgelê moes word. Sommige |
| van die kandidate is glad nie vertroud met die formaat en register van die formele brief nie. |
| By vraag 2.3 (Tydskrifartikel – 10%) het sommige kandidate nie by die noodsaaklikheid van die |
| selfoon **in die klaskamer** uitgekom nie. Bittermin kandidate het vraag 2.4 (CV en Dekbrief – 3%) |
| gedoen. Dié wat wel die vraag beantwoord het, het nie die doel van 'n dekbrief verstaan nie. |
| By vraag 2.5 (Informele Verslag – 8.5%) het die kandidate dikwels slegs 'n toespraak geskryf. |
| Die persoon/instansie aan wie die verslag gerig moet word en die doel van die verslag is nie |
| in aanmerking geneem nie. 14.5% van die kandidate het vraag 2.6 (Onderhoud) beantwoord. |
| Oor die algemeen het die kandidate die formaat van die onderhoud geken, maar hulle verval |
| in 'n lang aanloop en druk dan die struikelblok en hoe dit oorkom is, in die laaste twee spreek- |
| beurte in. |

**SECTION 2: Comment on candidates' performance in individual questions**
**(It is expected that a comment will be provided for <u>each question</u> ).**

| **QUESTION 1** |
|---|
| (a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered? |
| **AFDELING A: OPSTEL** |
| **VRAAG 1** |
| **1.1 Die huis met die rooi dak se geheim(e)**<br>Baie verhalende opstelle het by hierdie onderwerp voorgekom. Kandidate sukkel om by die geheim (wegsteek) uit te kom. Baie kandidate fokus eerder op die huis en die rooi dak.<br>Hierdie onderwerp het egter ook uitsonderlike response opgelewer. |
| **1.2 Onregverdigheid lei tot groot hartseer**<br>Baie kandidate sukkel om by die onregverdigheid en hartseer uit te kom. Hulle verval in 'n bespiegeling van wat onregverdig is. Dit gee aanleiding tot herhaling en onsamehangende idees waar die boodskap gaan verlore. |
| **1.3 Die storm se krag…**<br>Die storm se krag is goed beantwoord. Van die beste skryfstukke het hieruit vorendag gekom waarin die kandidate die figuurlike storm in hulle lewens beskryf het. |
| **1.4 Dis 'n land van kleur en klank**<br>Hierdie onderwerp was nie so gewild nie. Kandidate sukkel om beide die klank en kleur aan te spreek. Hulle fokus op ander eienskappe van Suid-Afrika of 'n ander land en die skryfstuk ontaard in 'n sameflansing van stellings sonder uitbreiding of voorbeelde. |

**1.5 "die suidoostewind blaai die dae al haastiger om…"**

Baie min kandidate het hierdie onderwerp gekies. Die skrander kandidate het hierdie onderwerp aangedurf en baie goed oor die onderwerp geskryf. Uitsonderlike kreatiewe idees het vorendag gekom.

**1.6.1 Span/Groep mense wat hande vashou op brug tussen kranse**

Baie kandidate het die prikkel gekies. Dit lyk asof sommige kandidate vooraf geleerde opstelle hier probeer indruk het. Die swakker kandidate het op samewerking en ondersteuning gefokus en fokus verloor.

**1.6.2 Appel met A+**

Die meeste kandidate sukkel om sinvol oor hierdie onderwerp te skryf. Enkele kreatiewe kandidate het briljant hieroor geskryf.

**1.6.3 Kop met voorwerpe wat uit die brein vloei**

Baie goeie opstelle het by hierdie onderwerp voorgekom. Baie kandidate gebruik hul kennis van lewenswetenskappe met groot vrug. Tog het die gemiddelde en swakker kandidate die onderwerp misgetas en fokus verloor deur nie op die brein of enige ander stimulus in die visuele teks te fokus nie,

**AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE**

**VRAAG 2**

**2.1 INFORMELE BRIEF: VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Kandidate sukkel om die opgewondenheid weer te gee. Te min detail word gegee, die nuus bly vaag of die kandidate sukkel om die nuus behoorlik te verwoord. Tog het die sterker kandidaat goed daarin geslaag om deur middel van interpunksie waarde toe te voeg tot die teks.

**2.2 FORMELE BRIEF: VERSOEK**

Die kandidate verstaan nie die betekenis van "verfraai" nie. Dit is vir hulle moeilik om die planne te verduidelik. Sommige kandidate het ook 'n groot gedeelte van hulle planne reeds uitgevoer voordat hulle toestemming vra of hulle lig slegs die Munisipale bestuurder van hulle planne in.

**2.3 TYDSKRIFARTIKEL**

Die skrander kandidate het baie goeie artikels geskryf. Die meeste kandidate sukkel om by die noodsaaklikheid vir klaskamergebruik van die selfone uit te kom. Hulle fokus op die gebruik van selfone in die algemeen.

**2.4 CV EN DEKBRIEF**

Bittermin kandidate kies hierdie onderwerp. Die swakker kandidate het hulle eie CV geskryf of die CV op die vraestel net so herskryf. Diegene wat swak punte behaal het, het ook nie geweet wat 'n dekbrief was nie.

| |
|---|
| **2.5 INFORMELE VERSLAG**<br>Die verslag is oor die algemeen swak beantwoord. Die oorgrote meerderheid van die kandidate gee 'n blote beskrywing van die dag. Kandidate het nie aandag gegee aan wie die verslag geskryf moet word nie. Die skrander kandidate het egter voorstelle of aanbevelings gemaak. |
| **2.6 ONDERHOUD**<br>Baie kandidate ken nie die term "struikelblok" nie. Sommige kandidate noem/brei uit op die struikelblok, maar hulle kom nie by die "oorkom"-gedeelte uit nie. Kandidate fokus op onbelangrike detail, het 'n lang aanloop en forseer die struikelblok dan aan die einde van die onderhoud in. 'n Klein persentasie kandidate het die onderhoud in die artikelformaat aangebied. |

| |
|---|
| (b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions. |
| **AFDELING A: OPSTEL** |
| **VRAAG 1** |
| Die kandidate maak swak keuses en ontleed nie die onderwerp goed nie. Hulle skryf 'n lang |
| aanloop en hulle inleidingspragraaf ontsluit nie nie titel nie. By vraag 1.1-1.4 pas sommige |
| kandidate se inhoud nie by die titel nie. Baie kandidate se sins- en paragraafbou is 'n bron van |
| kommer. Kandidate versuim om die vraagnommer langs die opstel te skryf/die titel word nie |
| geskryf nie. Oorloopsinne en oortollige woordgebruik kom baie voor. |
| |
| **AFDELING: TRANSAKSIONELE TEKSTE** |
| **VRAAG 2** |
| Formaatfoute bly 'n groot kopseer. Sommige kandidate van een sentrum skryf die adres by |
| vraag 1.1 en 1.2 totaal verkeerd. Kandidate skryf die aanhef by die vriendskaplike brief, |
| bv. Beste Linda, en dan begin hulle inleidingspragraaf met, "Hallo vriendin". |
| Veral by die formele brief, vraag 1.2, is die register foutief en te informeel. |
| Kandidate weet nie wat 'n dekbrief is nie en skryf hulle eie CV. |
| Die kandidate weet nie wat 'n informele verslag is nie en bied vraag 2.5 in die vorm van 'n |
| toespraak aan. Kandidate let nie op aan wie die verslag gerig moet word nie. |
| By vraag 2.6 (Onderhoud) het die meeste kandidate 'n lang aanloop voordat hulle by die |
| struikelblok uitkom. Soms wyk kandidate totaal af van die onderwerp en voer 'n onderhoud |
| met die bekende sport-/musiekster en fokus op algemene vrae oor sy/haar loopbaan. |

| |
|---|
| (c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning |
| Onderwysers moet kandidate leer dat 'n paragraaf met 'n hoofgedagte begin wat gevolg word |

| |
|---|
| deur die ondersteunende gedagtes. |
| Leer die kandidate dat die inleidingsparagraaf van elke skryfstuk die titel moet ontsluit. |
| Dril dit in by die kandidate om punktuasie te gebruik en nie oorloopsinne te skryf nie. |
| Onderwysers moet die kandidate leer dat die fokuspunt in die visuele tekste beklemtoon moet |
| word. |
| Onderwysers moenie die kandidate aanmoedig om vooraf voorbereide opstelle te leer nie. |
| Die korrekte formaat van die transaksionele tekste moet in die klaskamer ingeoefen word. |
| Onderwysers moet die kandidate aan alle moontlike transaksionele tekste soos in die KABV |
| voorgeskryf, blootstel en dit in die klaskamer inoefen. |
| Onderwysers moet kandidate daarop wys dat pragrafering ook belangrik is by die skryf van |
| transaksionele tekste. |
| Leer die kandidate om die opdrag by die transaksionele tekste deeglik deur te lees voordat |
| hulle 'n keuse maak, veral by die opdragte wat meer as een fokuspunt het. |
| Leer die kandidate wat 'n informele verslag en 'n dekbrief is en hóé hierdie tekste geskryf moet |
| word. |
| Beklemtoon dat dit baie belangrik is dat die persoon/instansie aan wie die verslag/dekbrief |
| gerig word in ag geneem moet word. |

| |
|---|
| (d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development, etc. |
| **Leer die kandidate die volgende:** |
| Hulle kreatiwiteit moet binne die grense van die onderwerp bly. |
| Hulle moet 'n streep deur hulle eerste poging/beplanning trek sodat die nasiener presies weet |
| wat die finale poging is. |
| Hulle moet so netjies as moontlik probeer skryf aangesien 'n onduidelike, slordige handskrif |
| lees bemoeilik. |
| |
| Onderwysers moet die nuuste uitgawe (2018) van die Afrikaanse Woordelys en Spelreëls in |
| hulle klaskamers hê. |
| Bied gereeld werkswinkels vir Afrikaans Huistaal onderwysers aan wat op vraestel 3 fokus. |
| Meer klem moet in die laer grade op stelwerk<u>onderrig</u> vir vasleggingsdoeleindes geplaas word |
| sodat kandidate in graad 12 goed bekend is met formate en vereistes vir die onderskeie |
| tekste en slegs hersiening gedoen kan word. |